



Herinneringe uit die Vryheidstryd (5)

ELLEENDE AANSKOU VAN VEROWERDE VOLK

In Kaapstad is dit gevoel dat die Nasionale Pers meer aandag en besondere aandag moet wy aan die twee noordelike provinsies. Ek het verstaan dat sekere onderlinge botsings in die regering, of altans tussen sekere ministers die rede was. Veral Roos het 'n vyandige standpunt teenoor dr. Malan geopenbaar. Dit was ook inderdaad nodig dat daar beter voeling tussen Noord en Suid kom. Daar is besluit om Die Volksblad in Bloemfontein tot 'n dagblad te omskep. Ten einde hom meer ruimte te gee, aangesien Die Afrikaner die grootste sirkulasie in Oos-Vrystaat gehad het, is besluit om laasgenoemde te verkoop. Die Burger sou dan ook in Transvaal gestoot moes word. Ten einde dit moontlik te maak, moes hy besondere aandag aan Transvaalse aangeleenthede gee. Die taak is aan my opgedra met 'n kantoor in Johannesburg, waarvandaan ek in die beste voeling met die mense en dinge kon kom en al wat gebeur gereeld elke middag na Kaapstad telegrafeer.

Vir my was hierdie nuwe taak nie alleen besonder interessant nie, soms uiters avontuurlik, soms aangenaam en soms 'n baie pynlike. Ek het die kans gekry om die partypolitieke spel toe eers reg-reg te leer ken; het baie keer agter die gordyn gesien, want ek was soms met geheime toevertrou; baie keer verskriklik teleurgesteld in die goeie bedoelings soos dit na buite skyn van manne wat as leiers troon; baie keer die vuilheid van mense en hul skelmstreke op die verskillende terreine van die lewe geopenbaar gesien. Maar daarby het ek toegang gekry tot alle menselae en stande. Ek het huiwerend soms aan die deur van 'n krot waarin 'n mede-Afrikaner woon, geklop en net so huiwerend soms aan die tafel met groot eetmale deur die mynmagnate gegee, in die Carlton-hotel gesit. Ek het hongerlydende gesinne rondom en teen aan die ryk goudmyne teengekom. Ek het weelde wat onheiligh prouk gesien, ja, ek het ook anders eerlike, eerbare vroue met smetlose karakters terwille van die honger van hul kinders in die tronk gesien, Afrikaners in die verdrukking.

Maar oor hierdie ervarings later.

HERVORMING NODIG

My werk as persvertenwoordiger van die Regeringsorgaan in Transvaal het my veral op die Rand in aanraking met baie mense van die rykste tot die armste, van die eerlikste tot die skelmste, en met allerhande toestande en soms merkwaardige omstandighede in aanraking gebring. En uit dit alles moes 'n mens leer hoe noodsaaklik sekere stappe en veral sekere hervorminge, veral wat die landsbestuur betref, toe reeds in Suid-Afrika geword het. Hoe dit sy, my ervarings, aangenaam of teleurstellend, was 'n leerskool wat ek net so min in die lewe sou wou mis as my ervaring daarbuite op die slagveld in my jonger jare. Ek het geleer wat die beste in die mens is en daarby ook wat die slegste is.

Armoede op die Witwatersrand waarheen almal en ieder

maar gevlug het in die hoop om werk of uitkoms te verkry, was een van die ernstigste kenmerke naas dié van rykdom van die goudmyne. Toe ek my kwartier in Johannesburg open, het die groot werkloosheid, die menigte wat reeds soggens vroeg voor die arbeidskantore op Von Brandis-

Deur
J. A. Smith

plein vergader het, my aandag getrek. Daar was meer as drieduisend geregistreerde werkloos. Hulle het tou gestaan om 'n beurt te kry om te verneem of daar nie werk érens te bekome was nie. Maar dag na dag moes hulle weer teleurgesteld omdraai.

„WERK VIR ALMAL“

Ek het hierdie werkloosheid begin ondervra om hul moeilikhede uit te vind. Vir my is plek agter die tafel in die kantoor gegee waar ek met behulp van die klerke die mense se stories kon kontroleer. Elkeen het 'n kaart gehad waarop alle besonderhede vermeld was. Die regering het op sy manier in sommige opsigte en sekere rigtings ongetwyfeld sy bes gedoen om die werkloosheidstoestand te bestry. Getroudes kon aan die Hartbeespoortkanale by Brits vir 7/6 en ongetroudes vir 6/- per dag gaan werk, of gaan help met die aanplanting van bome by Sabie of by Nuweberg teen daardie vergoeding. Maar daar was mense en miskien die meerderheid wat huisgesinne had waarvan een of meer kinders of in die skool is of 'n werklike érens het. Sulke gesinne kon nie opgebreek word nie en vir hulle was daar en kon daar blykbaar nie iets gedoen word nie. Maar die beleid was om net aan te hou sê dat daar vir elke man wat wil werk, werk te voorsien is. Die pers was nie vry om anders te sê nie. Dit is net lui mense wat dit nie wil aanvaar nie, is beduie.

Die erkenning dat Brittanje nog steeds strategiese materiaal aan Sjina lewer ten spyte van die feit dat Britse seuns in Korea deur Sjinese soldate doodgeskiet word

Lewer Oorlogsmateriaal Aan Sy Vyande

is verlede week in die Britse parlement erken deur die eerste minister, Clement Attlee, wat die versekering gegee het dat dit voortaan nie meer sal gebeur nie.

Attlee het eers gesê dat die uitvoer van alle belangrike strategiese ware na Sjina verbied is. Gevaar wat van rubber wat nog daarheen uitgevoer word, het hy gesê dat die uitvoer van rubber geheel en al verbied is. Toe hy vasgekeer word op hierdie punt, het hy gesê dat hy die saak te sterk gestel het. Rubberuitvoer is onderhewig aan permitte en die hoeveelheid wat Sjina bereik het sou niks tot die oorlog bygedra het nie.

SELS PETROL

In sy getuienis voor die gesamentlike verdedigingskomitee van die Amerikaanse Senaat en huis van verteenwoordigers het genl. Douglas MacArthur verlede week gesê dat daar geen twyfel aan bestaan dat die uitvoer vanaf Hong-Kong (Britse kolonie aan die Suidpunt van Sjina) gedurende Februarie en Maart hierdie jaar van „aansienlike hulp vir die kommunistiese magte in Korea“ was nie. Dit is veral waar ten opsigte van petrolvoorraad — „die grondslag van beweging vir 'n leer en gewapende troep.“

Amerika het telkemale beroepe op Brittanje gedoen om geen strategiese materiaal aan Sjina te lewer nie, maar dit blyk nou dat hierdie oproepe geen uitwerking gehad het nie. Verlede week het die V.S.A. by die V.V.O. se sanksiekomitee voorgestel dat alle lede van die V.V.O. die versending van strategiese materiaal na Sjina moet stopstip.

OOK NA RUSLAND

Dit is nie net aan Sjina wat Brittanje oorlogsbepodighede lewer nie. Hy doen dit ook ten opsigte van Rusland, wetende dat hierdie materiaal eerlang sy eie seuns sal afmaai. Daar is gesaghebbend bereken dat Brittanje en sekere Wes-Europese lande gedurende 1950 masjinerie en materiaal wat vir oorlogsdoeleindes gebruik kan word, ter waarde van £375,000,000 aan Rusland gelewer het.

Reeds drie jaar gelede is die uitvoer van strategiese ware deur die Verenigde State belet. Maar Brittanje het hierdie verbod tot 'n groot mate kragteloos gemaak deur sulke Amerikaanse materiaal in te voer en dan weer na Rusland uit te voer.

KOMMENTAAR

In my verslaggewing aan my koerant het ek my ook nie van kommentaar onthou nie, wat ek regtig as noodsaaklik beskou het, en bewerings gemaak wat ek geregtig gevoel het om te maak en ook volkome mee reg was. Hoe raak die klip getref het wat ek in die bos gegooi het, het geblyk uit die feit dat 'n brosjure in antwoord op my bewerings en beskouings aangaande die winste, die werktoustande, die mynwerkers, ens. in Engels, Afrikaans en Frans deur die mynkamer uitgereik is en wêreldwyd versprei is.

Toe ek 'n volgende keer om sekere inligting die kantoor van die Kamer van Mynwese besoek is my gesê om nooit weer my voet in daardie gebou te sit nie! Ek het ook nie. Die groot mynwinste het groter geword.

ARMOEDE

Die armoede op die Rand was vir my skrikwekkend asook die voortdurende aankoms van mense van oral om daar 'n bestaan te kom soek. Daar was huisgesinne wat nie voldoende brood gehad het nie. Die vader het miskien 'n kleinigheid verdien. Tuis het moeders die gehuil om brood van die kinders

(Vervolg op bls. 6 kol 1.)

MYNE REGEER

Die arbeiders se aanwesigheid in die regering het hierin ook niks gehelp nie. Maar die mense het met uitsondering van die kleiner minderheid bly hoop op voorspoed. Die wat begryp het dat 'n regering nie met die beste voornemens selfs verkiesingsbeloftes altyd kan uitvoer nie, het stadigaan begin skoor soek met die Arbeiderleiers. Ek het 'n paar vakbondyeenkomste saam met min. Creswell en Boydell bygewoon, ook die kongres van daardie party en het daar ontnugterende dinge gehoor en aanskou. Dit het my verbaas hoe daardie mense — en baie, miskien die helfte was Afrikaners — elkemaal vuisgeslaan het onder mekaar. Mynwerkers het begin kla en op die City Deep gestaak. Hulle was meestal Afrikaners. Saam is ek daarheen en kon hulle oorreed word dat so 'n staking net hul ondergang sou beteken. Die Mynbase het vas in die saal gesit. Die hele ekonomiese lewe van die Rand is deur hulle beheer. Baie van die nywerhede wat langs die goudmynbedryf ontstaan het, was filiale maatskappye van die mynmaatskappye. Hul produkte was meestal die wat die myne nodig gehad het en ten duurste voor moes betaal sodat die myne dit as onkoste by die berekening van die inkomstebelasting kon aftrek.

GEBREEK

Wat die mynwerkers betref, moet onthou word dat hulle deur die staking en opstand waarin hulle met kanon en kleingeweer in 1922 platgeskiet is en etlikes aan die galg moes boei, so geruïneerd was, selfs moedverlore was insover dit eie kragte betref dat die mynbase sterker as ooit tevore teenoor hul werknemers gestaan het. Dit was 'n moeilike en selfs ergerlike posisie. Van ons kant gesien, was daar baie rede om deur middel van die pers en uitspraak die mynmagnate te verwyrt van politieke kwaadwilligheid teenoor die land. Maar verder as dit het dit nie gekom nie. Laardie mense was so geslepe en slim as die spreek-

Britse Hulp Aan Rooies

Uit tien skepe wat die hawens van Kommunistiese Sjina met krygstuig binnevaar, vaar sewe onder die Britse vlag, het die Amerikaanse senator Joseph McCarthy gesê.

„Die Britse regering help die Sjinese Kommuniste terwyl Britse seuns in Korea sterf,“ het hy daaraan toegevoeg.

Britse Sukses In Goudkus?

'n Voorstel van die opposisie in die Goudkus se parlement dat die gebied onmiddellik dominiale status moet ontvang, is deur die meerderheidsparty van dr. Nkrumah verwerp. Gedurende die verkiesing was dominiale status die hoofplank in Nkrumah se partyprogram.

Is dit 'n teken van verdere sukses van die beproefde Britse diplomatieke middel van beslaglegging op die gees, „namate die bande wat bind, losser gemaak word,“ of van die suksesvolle uitwerking van die Britse partystelsel, of is dit albei?

DIE O.B., WOENSDAG, 9 MEI 1951

DIE BURGER EN BRITTANJE

Die Burger het verlede week geantwoord op 'n berig wat in Die O.B. verskyn het waarin verwys is na sekere uitlatings van dr. A. L. Geyer waarvan die blad bepaalde gedeeltes weggelaat het — gedeeltes wat ons beskou as afwykend van wat die blad se lesers gewoon was om uit nasionale leiers se mond te verneem. Ons het daardie uitlatings van die hoëkommissaris in samehang gelees met vorige uitsprake van hom waarin hy republikenisme as onpraktiese beleid aan die Britte voorgelê het. Ons het al hierdie uitlatings in verband gebring met dr. Malan se ommekeer ten opsigte van die republikeinse ideaal wat daer vanaf sy bywoning van die Empire-konferensie in 1948. By daardie geleentheid het dr. Malan sy ideaal van „afskieding van die Britse Kroon en Ryk” verwater tot een van lidmaatskap met die Britse Statebond „onder enige omstandighede.” Sedert hierdie ommeswaai het die een aanduiding na die ander van 'n afwatering van die Afrikaner se republikeinse ideaal hom geopenbaar — 'n afwatering wat reeds gelei het tot 'n verbod op republikeinse lede van die H.N.P.-kous om hulle oor die republiek uit te laat.

Hierdie afwatering of selfs verloëning beskou ons as net so gevaarlik vir die Afrikaner se vryheidstewe as die verloëning van republikenisme deur genl. Botha na 1910. Toe moes ons ook hoor dat dit nodig geword het om in „hierdie gevaarvolle tye” by Brittanje te staan, en toe moes republikeine ook verneem dat hulle „vitterig” is omdat hulle die leiers lastig val met republikeinse en „anti-Britse” uitlatings terwyl laasgenoemde eintlik maar besig is om „volks-eenheid” te verseker en die „groot vraagstukke” van die land op te los.

OU SAP-STANDPUNT

Ons vind dit dus glad nie onverwags of vreemd om nou in Die Burger 'n verdediging van „saamstaan met Brittanje” en „uitbreiding van Britse handel” te lees wat net sowel in enige Sapblad van 1912 sou gepas het nie.

Die blad praat van „nasionale eenheid” wat dan nou eers tot stand moet kom voordat ons 'n republiek kan kry. Presies tien jaar gelede het dr. D. F. Malan op Stellenbosch gesê:

„Alleen deur die verbreking van die Brits konneksie sal ons volks-eenheid in ons land opbou.”

As ons weer om op te hou praat van 'n republiek — soos sommige H.N.P.-lede tans gedwing word om op te hou praat — dan is dit nie net omdat ons dr. Malan se stelling van tien jaar gelede nog as korrek aanvaar nie, maar ook omdat die praktyk, waarin daar vandag selfs van afskeiding van Natal gepraat word, toon watter mislukking die strewe na „nasionale eenheid” met behoud van die Britse konneksie nog altyd sedert die dae van Botha was.

Die blad probeer Die O.B. se verwysing na die toene-mende handel met Brittanje in 'n belaglike lig stel asof ons ontevrede is oor die groter voorspoed wat volg op die „meer vrugte, wyn en wol” wat aan Brittanje verkoop word. Miskien sal die vrugteboere wie se Britse tjeks vanjaar met eenderde gedaal het, maar wat een-derde meer moet betaal vir hul Britse „tekstielware, motors en masjinerie” minder inge-nome met hierdie soort Britse handel wees as Die Burger.

„WYNBOERE GEKUL”

En wat die wynboere betref, sal Die Burger hom seker nog wel die berig van sy eie korrespondent uit Londen op 8 Junie 1946 herinner waarin onder meer verklaar word:

„Die Britse regering is besig om die wynboer van die Unie te kul deur die Unie se tafelwyn uit te hou sodat Franse tafelwyn die land kan binnekom . . . Die invoerreg op die Unie se sjerrie en port het in die oorlog gestyg van 8d. per bottel tot 5s. per bottel. Dit het gek-sied ondanks Ryksvoorkeur.”

En wat die wolboere betref, miskien sal Die Burger sy eie berig van 10 Desember 1945 nog onthou:

„Die Britse volkommissie in Suid-Afrika het as agent van die gesamentlike organisasie dinge aangevang wat nie met die belange van die boer en belastingbetaler strook nie.”

Miskien was bogenoemde kritiek van Die Burger maar die vitterigheid van 'n opposisieblad, maar 'n deel van die volk is nietemin wysgemaak — en hulle glo vandag nog soos ons — dat dit nie alles so pluus is met ons handel onder die Britse voorkeur-stelsel nie.

En dit is juis ons beswaar teen die toenemende handel met Brittanje — en was nog altyd die beswaar van republi-keine — dat hierdie handel op kunsmatige wyse bevorder moet word deur middel van 'n voorkeurstelsel wat Amerika bestempel het as „die grootste diskriminasie in die wêreld-handel.” Onder verpligting van hierdie „voorkeur” betaal Suid-Afrika ten duurste vir „tekstielware, motors en masji-nerie” wat hy elders teen veel laer pryse kan bekom, en subsidieer die Suid-Afrikaanse verbruiker daardeur die lui-lekker-lewe van die Britse werker wie se arbeidsprestasie maar 56 persent van die Amerikaanse is. En hierdie subsidi-

(Vervolg in volgende kolom.)

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Vyf Vrae Word Gestel

Ek het weer 'n keer 'n briefie ontvang van my kritiese leser (of is dit leseres?), mnr. D. Retief van Harrismith. Die briefie lui:

„U het my vorige vraag so goed beantwoord dat ek lus voel om weer 'n paar vrae te stel:

„Aan watter organisasie(s) het die persone behoort wie teen Suid-Afrika se oorlogspoging gesaboteer het?

„Waarom het hulle gesabo-teer?

„Was dit moontlik vir Suid-Afrika om neutraal te bly?

„Was die oorlogspoging nie die volkswil nie? (Ons word deesdae verseker dat dit die volkswil is as 'n wet met 'n geringe meerderheid aangeneem word).

„Watter besware het dr. Malan teen die O.B.?

„Hoe lyk dit met 'n ietsie oor die atoombom en die wêreld se olieposisie?

„Baie dankie en dieselfde ook vir 'n rubriek wat ek altyd eerste lees al stem ek nie altyd saam nie.”

Baie dankie vir u vriendelike aanmerkings oor my rubriek. Ek sal probeer om u vrae te beantwoord. Ek kan egter geen vaste belofte maak om te skryf oor die atoombom en olie nie. Die onderwerpe is so tamaai soos ons vlaktes, maar ek sal tog probeer om later 'n tydjie af te sonder sodat ek iets kan vertel oor die roer en die os van die twintigste eeu. Ek wonder of sommige van my lesers nie lus voel om daaroor uit te wy nie? Ek sal graag van u wil hoor.

Is Daar Ooit Sabotasje Gepleeg?

En nou vir die vrae wat my leser gestel het. U moet weet dat sabotasie 'n misdaad is. En ek mag nie mense van 'n misdaad beskuldig sonder dat ek my klag kan bewys nie. Die waarheid is dat ek hoegenaamd nie weet of enige organisasie of persoon sabotasie gepleeg

(vervolg van vorige kolom)

ering het nie net geskied in die dae toe Die Burger en sy partygenote adv. Pirow verwyt het omdat hy lokomotie-we in Brittanje gekoop het in plaas van in Duitsland nie, maar vandag nog, noudat dr. Geyer namens sy regering uit-sien na 'n steeds toenemende handel met Brittanje.

ONS STANDPUNT

Laat ons dit baie duidelik stel — indien Die Burger dit dan al sedert 1948 vergeet het — dat die republikein se beswaar nie is teen handel met Brittanje as sodanig nie, maar wel teen die eensydige, kunsmatige handel waardeur die ekonomiese bande met Brittanje gehandhaaf en ver-stewig word.

Ons wil ten slotte net vra: Terwyl Die Burger nou einde-lik kennis geneem het van Die O.B. se beswaar teen af-watering van die republikein-se ideaal en gereageer het ten opsigte van kritiek op dr. Geyer se uitlatings, waarom antwoord die blad nie ook die pertinente kritiek wat onlangs deur dr. F. D. du Toit van Zyl uitgespreek is oor ons aandeel aan die Koreaanse oorlog en sy wenk in verband met die invoering van 'n nuwe republikeinse grondwet vir Suid-Afrika nie — dit is tog immers sake wat in belangrikheid nie terugstaan vir kritiek op dr. Geyer nie?

het teen die vorige regering se oorlogspoging nie. Maar ek gaan darem nie u eerste vraag met hierdie paar aanmerkings afhandel nie.

Gedurende die oorlogsjare het die storie in die land rondgelê dat die Stormjaer-organisasie wat deur sy leier, dr. J. F. J. van Rensburg, in baie mense se gedagtes gekoppel was aan die Ossewabrandwag, 'n daad-beweging sou wees, wat in die lewe geroep was om sabotasie te pleeg teen die Smuts-rege-ring se oorlogspoging. Sover ek egter weet is nóg die Storm-jaer-organisasie, nóg 'n enkele lid van die organisasie ooit skuldig bevind aan sabotasie teen die oorlogspoging. Dit be-teken nie noodwendig dat die Stormjaers nooit die oorlogs-poging gesaboteer het nie. In-dien hulle dit egter gedoen het is dit nooit teen hulle bewys nie. En in die afwesigheid van sodanige bewys moet redelike mense aanneem dat die Storm-jaers nie saboteurs van die oor-logspoging was nie. En, ter-loops, mag rubriekskrywers hulle ook nie daarvan beskuld-ig nie.

Die Saak teen 52 Stormjaers

Die mees skouspelagtige sa-botasie-saak wat gedurende die oorlogsjare in ons land se howe aanhangig gemaak is, is die Hoogverraad-saak teen 52 Stormjaers.

In 1942 het hierdie 52 Afri-kaners in 'n Randse hof be-skuldig gestaan aan die mis-daad van hoogverraad terwyl hulle „trou verskuldig was aan Sy Majesteit Koning George VI in sy regering in die Unie van Suid-Afrika.”

Die klagstaaf lui o.m. dat hulle „in weerwil van sulke trou, wederregtelik, onwettig-lik en met vyandelike opset teen sy gesegde Majesteit die Koning in sy gemelde regering, gedurende of tussen die tydperk 1 Januarie 1941 en die 30ste Junie 1942 en te of naby die plekke meld in die eerste ko-lom van die skedule hieronder gemerk A.

„En by wyse onder andere van werwing en inswering van persone as offisiere en man-skappe van, en vir die stigting van 'n onwettige leër bekend as die Stormjaers (of Boere-weermag), soos meer in beson-der uiteengesit in Skedule B hieronder.

„Saamgesweer, saamgespan en ooreengekom het, sowel on-derling as met die persone ge-noem in die tweede kolom van genoemde skedule gemerk A asook met verskeie ander per-sone aan die vervolger onbe-kend.

„Om die bestaan, veiligheid en sekerheid van gesegde rege-ring te steur, te verontrus, te benadeel of in gevaar te stel.

„Om gesegde regering omver te werp op 'n gekose tydstop aan die vervolger onbekend.

„Om op gesegde regering dwang uit te oefen.

„Om oorlog te maak en te voer teen gesegde regering.

„Om gesegde regering te hin-der en te dwarsboom in sy voorspoedige voortsetting van eers-genoemde oorlog deur pleging, aanhitsing, uitlokking en po-ging tot pleging van diefstal, rowery, van dade van geweld, sabotasie, opsetlike saakbeska-diging deur gebruik van ont-ploowingstowwe, en andersins deur spioenasie en hulpverle-ning aan vyand en vyandelike persone, soos meer besonder hierna in die skedule gemerk C uiteengesit is.”

Op 7 Oktober 1942 is die 52

Afrikaners ter strafsitting ver-wys op 'n aanklag van hoog-verraad. In Maart 1943 het die prokureur-generaal van Trans-vaal egter die saak teen die be-skuldigdes teruggetrek!

Dit is interessant om na te gaan wat toe van die manne ge-word het. Een van hulle is reeds by die voorlopige verhoor op die aanklag van hoogverraad vrygespreek. Nadat die saak eindelik teruggetrek is en die manne ontslaan is, is sewe van hulle op ander aanklagte voor 'n spesiale hof gedaag en die res is in die interneringskamp opgesluit. Die aanklagte teen die sewe man het gegaan oor die onwettige besit van spring-stowwe en granate en diefstal en huisbraak met die doel om te steel.

Die Republikeinse Motief

En nou die tweede vraag. Indien Afrikaners ooit sabota-sie gepleeg het of pogings aan-gewend het om die voormalige Smuts-regering se oorlogspo-ging te saboteer, dan het hulle dit gedoen as 'n bewuste repu-blikeinse verset teen wat hulle beskou het as onregmatige oor-logvoering met Suid-Afrika se goed en bloed in belang van die Britse Ryk. In hierdie verband haal ek aan uit die beëdigde verklaring van die nommer een beskuldigde onder die 52 man-ne wat van hoogverraad aan-gekla was. Sy verklaring lui onder andere:

„Ek verklaar hier met die groots moontlike nadruk dat die Stormjaer 'n skakel is — en mag God gee die endskakel — in die stryd van eeue oorheer-sing van Britte in ons land; dat alleen 'n organisasie soos die Stormjaers wat gebaseer is op die werklike lewende Cal-vinistiese lewens- en wêreldbe-skouing daartoe in staat is om die dreigende stroom van die Britse Imperialisme af te weer van die Afrikanernasie. Daar het tye gekom in die bestaan van ons nasie dat gewanhoop is aan die toekoms van ons volk; dat gevoel word dat daar nou niks meer is nie wat die Afrikaner en sy gees kan red van die vernietigende, ontheil-gende en vervlakkende uitwer-king van die Britse Imperialis-me. Ook in die afgelope jare is soms gewanhoop as gevolg van die hopelose gemodder van eer, en belangsugtige partypolitici wat nog vaskleef aan beskou-ings wat gebore is uit die heidense Britse Imperialisme. Tog het die manne wat hulle nasie lief het gevoel dat die Afrikaner deur dissipline en deur be-sinning in hulle tradisie hom-sel kan staal en sterk teen die stroom van vernietiging wat hom steeds bedreig het. Van-daar die Stormjaer-organisasie met die hoogste motiewe, met die heiligste grondslag en met die onweersprekbare kern van waarheid wat skitterend uitstyg bo alle twissieke politiekery, en met waaragtige erns die Eeuwige God en Sy Afrikaner-nasie dien. Dit is die ware beeld van die Stormjaers.”

Gerleg in die Britse Statebond

Indien ek u derde vraag uit die staatsregtelike oogpunt be-antwoord dan mag ek sê dat die Unie-parlement wel deeglik op 4 September 1939 kon besluit het dat Suid-Afrika neutraal gaan bly in die oorlog tussen Engeland en Duitsland. Suid-Afrika is 'n soewerein onaf-hanklike koninkryk, en was dit reeds op 4 September 1939. Ten spyte van die feit dat dieselfde persoon tegelykertyd koning van Engeland en van Suid-Afri-

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

Politieke Monopolie

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

ka is, is dit teoreties moontlik dat die koning van Engeland oorlog teen Duitsland kan verklaar, terwyl die koning van Suid-Afrika in vrede met daardie land verkeer. Die staatsregseleerdes verklaar mos dat die kroon van die Britse Statebond deelbaar is.

Indien ek egter u vraag uit die praktiese oogpunt moet beantwoord dan mag ek nie beslissend „ja” of „nee” sê nie. Dit is moontlik dat Suid-Afrika, as een van die susterkoninkryke van die Britse Statebond, se politieke, ekonomiese en militêre struktuur sodanig ineengeveg is met die res van die Britse Statebond s'n, dat hy onmoontlik neutraal kan bly wanneer die res van die susterkoninkryke oorlog maak.

Wyle genl. Hertzog het blykbaar hierdie standpunt gehuldig, want in die konsep-program van beginsels wat hy in 1940 voor die herenigingskongres in Bloemfontein gelê het (en wat deur mnr. C. R. Swart en sy genote verwerp is), het die generaal verklaar dat 'n republiek „die enigste effektiewe waarborg is dat Suid-Afrika nie weer in Groot Brittanje se oorloë sal ingesleep word nie.”

Die Wil van die Politieke Party

Wat u vierde vraag betref is die antwoord dat die oorlogspoging nie die volkswil was nie. Dit was die wil van die meerderheid van die parlementslede van die destydse Verenigde Party en hul bondgenote. Die volk, as sodanig, het nooit die geleentheid gehad om hom oor die oorlogsverklaring uit te spreek nie. Tydens die 1938-verkiezing is die kwessie van oorlogsverklaring teen Duitsland nooit voor die volk gelê nie — en, trouens, die destydse leier van die party, wyle genl. Hertzog, was teen die oorlogsverklaring. Selfs in 1939 het die goewerneur-generaal, wyle sir Patrick Duncan, geweier om genl. Heftzog se advies te aanvaar en 'n algemene verkiesing uit te skryf om die volkswil te toets. Daar is ook nie 'n volkstemming oor die saak gehou nie. Wyle genl. J. C. Smuts en die meerderheid van die parlementslede het oorlog verklaar sonder dat die volk ooit in die saak geken was.

Ek veronderstel dat die kommentaar by u vraag betrekking het op die kleurwingwetgewing wat tans voor die parlement dien. Indien dit wet word sal dit ook nie die volkswil wees nie, maar slegs die wil van die parlementslede van die H.N.P. en die A.P. Dit sal die wil wees van die regerende partye en die opposisiepartyte het reeds aangekondig dat hulle dit gaan herroep sodra hulle beurt weer kom om te regeer.

Redes vir die Stryd Teen die O.B.

Indien ek moet begin neerskryf wat die besware is wat dr. D. F. Malan van tyd tot tyd teen die Ossewabrandwag uitgespreek het, sal dit 'n sinnelose relaas word. Ek sal twee voorbeelde noem om te verduidelik wat ek bedoel.

Oorspronklik het dr. Malan met die O.B. baklei omdat die beweging 'n pamflet, nommer een van 1941, uitgegee het wat 'n opsomming was van die algemeen aanvaarde republikeinse konsepgrondwet. Dit mag die O.B. nie gedoen het nie, het dr. Malan betoog, want dit is die H.N.P. se taak om propaganda te maak vir die republiek. En hoe durf die O.B. dan op die H.N.P. se terrein kom! Vandag het dr. Malan die republikeine in sy eie party belet om republikeinse propa-

ganda te maak en hy is vandag vir die O.B. kwaad — nie omdat die beweging die republikeinse propaganda maak wat sy party eintlik moet maak nie, maar omdat die O.B. anders as hy en sy party nog steeds republikeins is, en dit stel vir hom en sy party in groot verleentheid.

Oorspronklik het dr. Malan met die O.B. baklei omdat „Hans van Rensburg met Smuts skakel.” Dr. Malan het toe verduidelik dat Van Rensburg met Havenga skakel en Havenga weer met Smuts skakel. Daarom moet die O.B. verfoei word het dr. Malan beduie. Toe dit uiteindelik geblyk het dat mnr. Havenga, nie met Smuts nie, maar met dr. Malan skakel en dat dr. Van Rensburg deur mnr. Havenga met dr. Malan probeer skakel, was dr. Malan daarvoor ook kwaad en het hy begin diskrimineer teen A.P.-lede wat ook O.B.-lede is.

Die twee voorbeelde bewys tog hoe sinloos die uitgesproke redes vir dr. Malan se vyandskap teen die O.B. is. Eers is dr. Malan kwaad omdat die O.B. sy republikeinse „dondergesteel” het en toe is hy weer kwaad omdat die O.B. nog republikeins is op 'n stadium wanneer dit hom nie meer pas om dit te wees nie. Eers is dr. Malan kwaad omdat Hans van Rensburg met Smuts skakel en toe is hy weer kwaad omdat dr. Van Rensburg probeer om met hom (dr. Malan) te skakel.

Ek vrees dat die werklike rede vir dr. Malan se vyandskap teen die O.B. nog nooit of deur hom of deur sy pers bekend gemaak is nie. Die rede is baie eenvoudig: Dr. Malan eis vir die H.N.P. die monopolie op om politieke leiding aan die Afrikanervolk te gee. Alle ander Afrikaner-organisasies moet of op godsdienstige wyse na die pype van die H.N.P. dans, of die H.N.P. verklaar oorlog teen hulle. En dit geld vir almal, vanaf die Ossewabrandwag tot by die Transvaalse boikotbeweging teen die Asiate.

Diegene wat in verset kom teen die H.N.P.-monopolie vind dat hulle teengestaan word, eerstens, deur 'n meedoënlose politieke party, met 'n sterk en diensbare pers; en tweedens, deur 'n talryke verskeidenheid van satelliet-organisasies wat reeds geswig het voor die party.

Dr. Malan se beswaar teen die O.B. is dat die beweging dreig om die diktatuur van sy party oor die Afrikanervolk te vernietig.

Sam Kahn Se Uitbarsting

Mnr. Sam Kahn, naturelle L.V., wat voor die ontbinding van die kommunistiese party 'n prominente lid daarvan was, het, volgens 'n berig in die Engelse pers, verlede week die volgende dinge in Port Elisabeth gesê:

„Die feit dat 98,8 persent van die 900.000 kleurlinge in die Unie gebore is en dat 92 persent van hulle Afrikaans praat, is 'n bykomende bewys dat hulle die familie van die Afrikaners is. Die Afrikaners is die vernaamste bron van die kleurlinge se blanke bloed. Dit is 'n daad van kannibalisme vir die Afrikaners aan bewind om die kleurlinge van hul regte te beroof.”

Voortgaande het mnr. Kahn gesê dat die Nederduits Gereformeerde Kerk die Bybel verknoei, in 'n poging om die bose dade van die regering te vergoel.

Ons Grondwet — Die Probleem - Sieke

VOLKSBEWEGING ENIGSTE HEELMEESTER ?

Die gespartel oor ons sg. grondwet gaan nog voort. Veral die Verenigde Party wat homself as die huidige bedreigde voel is natuurlik ten gunste van hervorming. Eers het adv. Strauss gepraat van 'n Bill of Rights wat sou verskans word.

Aangesien geen verskansing in ons grondwet moontlik is nie, is toe eindelijk deur die Cape Times die voor-die-hand-liggende punt geopper dat die Verenigde State se grondwet daarvoor soveel veiliger as ons s'n is.

Dis volkome waar. Jammer die menslikheid van die Verenigde Party was nie so sigbaar gedurende die interneringsjare nie. Bekommernis oor mense behels klaarblyklik nie nasionaalgesinde republikeine nie. Vir hulle is daar mos die kamp. Watwou „Bill of Rights!”

V.S.A.-GRONDWET ONTDEK

Nietemin moet die feit onder die oë gesien word dat die Verenigde Party nou blykbaar die grondwet van die V.S.A. noodgedwonge ontdek het. Hulle moes. Die waarskynlike gevolge van dié feit mag belangrik wees. Dis interessant dat die ontwerp-grondwet van die Eenheidskomitee in baie opsigte die breë beginsels van die V.S.A.-grondwet destyds aanvaar het.

ENIGSTE UITWEG

Hierdie sameloop: dat die twee groepe albei tot baie dieselfde breë beginseloplossing geraak het, beklemtoon die feit dat in 'n land soos ons s'n 'n grondwet soos dié van die V.S.A., met wysigings waar nodig, die enigste uitweg is. In soverre kan dit net toegejuig word dat hierdie uitweg ook weer deur die Verenigde Party na vore gebring word.

JAMMER DIT KOM NIE VAN NASIONALE KANT NIE

Wat wel jammer is, is dat die stootkrag nou nie meer van die nasionale kant kom nie. Immers het die nasionaalgesindes destyds die rigting aangedui.

As daardie breë rigting werklik die enige oplossing aandui, soos ons glo en soos hulle toe ook geglo het en dalk nou nog glo, dan is dit tog beter dat die leiding in die onvermydelike nie van elders uitgaan nie, veral waar die regering van die oomblik die inisiatief in hande het.

GRONDWET MOET REGTE INHOUD KRY

Dis vir elkeen duidelik dat die inhoud wat die Verenigde Party op sy eie aan 'n staatsstelsel soos dié van die V.S.A. sal probeer gee, dit vir die nasionaalgesinde 'n klug mag maak. Of erger. Immers sal dit waarskynlik ons bande met Groot-Brittanje ewe sterk as 'n grondwetlike verbod op 'n republiek verskans. Hierdie verskansing sal effektief kan wees en sal besmoontlik slegs deur 'n gewapende revolusie omvergewerp kan word. Immers sal vir elke wysiging die medewerking van onafhanklike en sterk staatsorgane nodig wees. Die magsentrum sal nie, soos tans by ons, slegs by één punt, 'n soewereine staatkundig-algemagtige parlement lê nie. Die president sal sy eie opdrag van die volk verkry, afsonderlik van die wetgewende huise, om maar net een verdeling van mag te noem.

GRONDWET WAT LOOP MOEILIK TE VERANDER

Dit gaan van die grootste belang wees wie die leiding sal neem om die nuwe grondwet te loods. Liefte moet die politieke groepe tesaam dit doen. Desnoods moet een dit doen. Die

Cape Times sê die Verenigde Party moet dit, indien nodig, sonder die nasionale groep doen. Waarom is dit nie die nasionaalgesindes se houding nie? Laat

Deur J. de Vos

ons nasionale regering dan sê: DIE VERANDERING MOET GESKIED; LIEFS MET DIE HULP VAN ANDER GROEPE; DESNOODS DAARSONDER.

VERSKANS DIE REGTE PUNTE

Onder die regte leiding kan die regte beginsels verskans word. Minstens moet die reg om republiek te word nie met 'n verskanste verbodsbepaling uitgehou word nie. Minstens moet die Britse bande nie agter 'n verskanste bepaling te ruste kom nie.

Om die regte staatsmasjien te hê is noodsaaklik. Om hom reg te gebruik is ewe belangrik.

Die V.S.A.-model kan ingestel word en die verkeerde sake beskerm, dit kan 'n ewe kragtige motor wees in 'n Britse, verempaaierde Protektoraat van

die Unie van Suid-Afrika as in 'n soewereine, roepingbewuste Republiek van Suid-Afrika. Wat gaan dit wees?

VERANDERING IS ONVERMYDELIK

'n Verandering raak onvermydelik en is in elk geval wenslik. Die huidige staatsmasjien is uiters plooibaar en bruikbaar, ten goede of ten kwade. Met die regte gesindheid en insig kan ons regeerders veel doen, maar dan raak die tyd kort.

TAAK SLEGS VIR VOLKSBEWEGING?

As dit egter sou blyk dat die groot partye hul taak nie behoorlik kan verrig nie, as die Verenigde Party dreig om die onmoontlikste, partyvoordelige kastig-, menslike regte te verskans, as die nasionale partye hulle nie aan die bande van die bestaande staatsmasjien kan ontworstel nie en nie agter die stelsel van die soewereine parlement iets hegger kan sien en kan skep nie, dan bly daar slegs een ander moontlikheid oor: dat 'n volksbeweging soos die Ossewabrandwag die onhoudbare van die toestande beklemtoon en die hervorming inloods.



Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD



Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildote

Suid-Afrikaanse sigaret



CARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Hulshoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

MEUBELS

MEUBELS.— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentlies, stoelkaretjies, diewiele, linoeums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSEH-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

Antigrys herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. E14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasiweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

TE KOOP

Spinwiel met stel nuwe kamee. — Doen aansoek by — Kommandante A. M. Jeppe, Chamberlainstraat, 120, Woodstock. 4/4/1B

Ryksvoorkeur
Stok in Wiel

Volgens uit Londen berig word, was die wêreldkonferensie oor tariewe en handel wat onlangs beëindig is, nie veel van 'n sukses nie. Die grootste struikelblok was die onwilligheid van Statebondslande om van hul beleid van Ryksvoorkeur af te sien. Verklaar word dat Amerika die Britse Ryksvoorkeur beskou as die vernaamste diskriminasie in die wêreldhandel.

'n Uitrusting
Om Mee
Te Spog
VAN
Steyns
Parow

Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:
DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksvertenwoordigers en deskundige beroepsvertenwoordigers.
- Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volkseconomie.
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....
.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

DEVALUASIE EN DIE PRYS
VAN GOUD

„Veritas”, Kroonstad, skryf:

„In stede dat pryse stadig begin daal het, so as algemeen verwag is, het oorsese pryse weer begin styg, met die gevolg dat die prysindeks syfers vir ingevoerde goedere teen die einde van Januarie 1951 7 persent hoër was as in Januarie 1950.” So het die minister van finansies in sy begrotingsrede gesê.

Wel, namate die waarde van die papiergeld daal moet die pryse van gebruiksgoedere styg, maar nie in 'n dag nie. Dit vat tyd en die gevolge van die onsalige en onnodige devaluasie in Suid-Afrika word nou duidelik. Maar die minister kon dit vooruit gewet het, want enige boek oor ekonomie sou hom dit vertel het. En nou wil die minister die gevolge van devaluasie bestry deur 'n nog groter prys vir die goud van Suid-Afrika te verkry. Indien die groter prys 'n feit sou word, sou die prys van alle goedere nog verder styg. Verhoogde prys van goud en verhoogde prys van goedere is nie twee dinge nie, dit is één ding; en om die toenemende inflasie te bestry is dit nodig dat die prys van goud in papierponde verlaag word. Dat die Unie as goudprodusent ly onder die verhoogde pryse van goedere en dienste is die skuld van die Unie self. Die goudprys het gestyg van £4-5-10 'n ons tot £12-10 'n ons, 'n vermeerdering van ruim 290 persent wat veel meer is as die styging in die prys van goedere; en nou kla die minister dat die prys van goud en goedere aan wanverhouding ly, maar hy het die wanverhouding self veroorsaak.

Die aandaag moet egter ook gevestig word op die beheer van wisselkoerse. Onder die vrye goudstandaard was daar 'n vloeiende aanpassing van die wisselkoerse namate die in- en uitvoer nie geballanseer het nie. Die oor-invoer is geballanseer deur die mindere waarde van die geld en dit het die pryse en die wisselkoerse outomaties binne bepaalde perke gehou en die regerings gedwing om hul papiergeld tot sekere hoeveelhede te beperk. Die kontrole is nou weggeneem en regerings is nou vry om enige hoeveelheid papiergeld op die bevolking af te dwing en te sê hoeveel denkbeeldige waarde sulke stukkie papier het. En hoe meer stukkie papier, hoe meer kan die regerings met 'n kwistige hand papier-voordele uitdeel aan hul ondersteuners. Meer papier-geld en minder goedere veroorsaak inflasie want die verhouding van wanverhouding word dan groter. As daar minder goedere is moet daar ook minder geld wees. Maar nou deur duurtetoelae, hoër lone, meer geriewe ens., waarvoor die staat betaal, word meer en meer papiergeld in omloop gebring, maar daardeur word nie meer goedere geproduseer nie. Verder is daar groter militêre uitgawes vir die malle oorlog in Korea om die posisie te vererger.

Die verwyrt aan die rykes is misplaas want wie sal die ryk boere kwalik neem dat hulle hul oorvloedige geld in grond omset liewer as om dit aan 'n oneerlike regering te leen wat agterna die geld devalueer en hul sodoende van hul besittings beroof?

Daar die mense se papierponde deur die regering gewaarborg was vir 'n sekere hoeveelheid goud het die regering deur die devaluasie nie 'n wins gemaak nie, maar dit geroof van al die besitters van papierponde of van skuldbriewe uitgedruk in ponde.

As 'n huisvader uitvind dat die

spel van die huishouding sy inkomste te bowe gaan, kan hy sy uitgawes besnoei of bankrot speel. As hy bankrot speel moet hy daarna tog sy uitgawes besnoei en leef van wat hy verdien of sy vrou en kinders daarvan hou of nie. Die huisvader het verantwoordelikheid; kan in die tronk gesit word, maar 'n regering het so iets nie. So hy gaan voort om maar geld uit te deel.

(Verkort)

Fonds Vir
Verstotenes

Lincoln Schoeman, Pk. Melodie, distrik Pretoria, skryf:

Nog nooit in die geskiedenis was daar so 'n ontsettende toestand van chaos, ineensakking en verwoesting soos dié wat ontstaan het in Europa ná die Tweede Wêreldoorlog nie. Daar was nog nooit soveel lyding en smart nie. Miljoene het omgekóm, miljoene gaan die wrede stryd om Europa se bestaan tegemoet. Mense wat liggaamlik sowel as geestelik abnormaal verswak en ontwrig is, en dit in 'n Europa met 'n ontwrigte ekonomie!

'n Weinig is gedaan om hierdie leed te lenig. Verskeie bewegings het aan die liefdeswerk deelgeneem. Daar is egter 'n klas lyers vir wie so goed as niks gedoen kon word nie — die afhanklikes van die duisende wat opgehang is, of wat langtermyntronkvonnisse gekry het. Wat 'n dubbele lydenskelk moet hulle ledig! Om as vriend of familie van 'n Nazi gebrandmerk te word is om op pad tronk of kamp toe te wees.

Uiteindelik het 'n vrou, die nobele Prinses van Izenburg, 'n fonds gestig — die „Stille Hulp.” 'n Maand gelede is 'n tak op Brits gestig wat reeds £700 ontvang en weggestuur het. Maar wat beteken £700 wanneer een miljoen nodig is!

Die Brits-komitee stel hom ten doel die stigting van onderkomitees dwarsdeur die Unie. Hier toe is die daadwerklike hulp en goeie gesindheid nodig van die kerke, die openbare pers, die skole en die publiek. U wat hierdie oproep lees, help ons om daardie verbysterende nood te lenig. Stel u vir 'n oomblik in die plek van diegene wat ons moet help.

Om meer inligting skryf aan ondergetekende, of stuur u bydraes aan daardie adres. 'n Geouditeerde staat sal later gepubliseer word. Dis beter om u bydraes te registreer.

Ons moet daardie noodlydensdes help, omdat ons die verlies van Duitsland as bondgenoot teen die aanrollende kommunisme moet probeer herstel. Sonder Duitsland, of met Duitsland aan die kant van Stalin, is die Weste verlore. Nog nooit in die geskiedenis het soveel van so min afgehang nie: Die herstel van die geskonde geloof in die Christendom, in die etiese en geestelike waardes wat die Westerse beskawing as grondslag het.

Steek u hand dus diep in die sak. Nader u vriende, u skoolhoof, u predikant, u raadslede, die eerste minister. Hou funksies en kollektes. Dit is stamverwante wat so ly.

Engelse Vrees Vir
Hul Taal

P. C. Kruger, Oostendweg, Delville, skryf:

Die getjank dat die Engelse taal in gevaar is, is vir my besonder snaaks. Waar is dan die slim Engelse profete wat voor-

Soos Ons Lesers
Dit Sien

spel het dat die Afrikaanse taal maar net tydelik in Afrika sal wees, nou? In die laaste tyd het daar twee dinge baie duidelik op die voorgrond getree: 1. Dat daar 'n sekere klas Engelsman is wat nooit sy les kan leer nie; 2. Dat daardie klas Engelsman die grootste en koersvaste rassehater van alle eeue is. Daardie klas Engelsman het te min verstand om waar te neem wat rond om hom gebeur. 'n Tyd gelede het ek 'n brief geles in een van die Natalse Engelse koerante van 'n Engelsman, waarin hy aanbeveel dat daar 'n nuwe taal in Suid-Afrika geskep moet word om die taalkwessie op te los. Die arme drommel het al die tyd seker geslaap en nooit agter gekom dat so 'n nuwe taal lankal gevorm is en oor die hele wêreld al erken is nie. So gaan dit met baie van hulle, hulle sien wat was en kan nie sien wat is nie en as hy eenmaal 'n nasie haat besit hy nie die moed of vermoë om weer daarvan af te sien nie.

Daardie klas Engelsman se rassehaat verblind hom soms so dat hy sy eie huis afbreek en verbeel hom dan nog dat hy die ander man se huis afbreek. Die haat wat die Engelse in ons Republiek gehad het en die wapengeweld wat hulle teen ons kom gebruik het, het die hele doel van Engeland in Suid-Afrika laat misluk.

Hierdie klas Engelsman sal dit seker ook baie dom ag dat 360 Engelse nou in Johannesburg besig is om die Afrikaanse taal aan te leer.

As ons nou alles nagaan wat reeds gebeur het, dan neem dit geen profet om te voorspel wat vorentoe gaan gebeur nie. Ons Afrikaanse volk kom van verskillende lande wat verskillende tale gepraat het, maar om 'n Bybelse taalverwarring te voorkom, is hier 'n nuwe taal gevorm. Geen ander taal kon ooit die Engelse taal in Engeland verdring nie, net so min sal 'n uitlandse taal die Afrikaanse taal in Suid-Afrika kan verdring. As een van die twee tale moet totniel gaan, en ek moet oordeel volgens die geskiedenis en die getjank van die Engelse koerante, dan lyk dit vir my of dit die Engelse taal gaan wees. Dan sal die slim Engelse bobbejaanstuipe kry en die dommes sal by ons dom Boere wees en ons ou klomp dommes sal dan goed klaarkom, want ons sal ook te dom wees om rusie onder mekaar te maak.

Pensioene Aan
Oues Ongelyk

H. P. Wassermann, Lang Riet, Pk. Kaapdrift, skryf:

Ek verstaan nie die Ouderdomspensioenwet nie, dat die een persoon wat grond besit geregtig is op ouderdomspensioen en die een wat sy vruggebruik uithou die kan nie ouderdomspensioen kry nie. Ek wil net graag weet wat die onderskeid is en sal bly wees as iemand my kan verduidelik. Dan wil ek ook graag weet waarom 'n behoeftege vrou van 60 jaar ouderdomspensioen kan kry maar 'n manspersoon moet eers 65 jaar oud wees voor hy ouderdomspensioen kan kry. Wat is die onderskeid van die twee behoeftege persone dat die vrou van 60 jaar pensioen kan kry en die behoeftege man moet eers 65 jaar oud wees. Waarom kan 'n manspersoon wat behoeftege is ook nie ouderdomspensioen kry op 60-jarige ouderdom nie? As 'n staatsampenaar 60 jaar oud is, dan tree hy af met pensioen.

DIE WORSTELSTRYD OM DUITSLAND

Hoeksteen Van Europese Verdediging

Die teenswoordige beleid van die Westerse moondhede in die worstelstryd om Duitsland nader nou sy einde. Dit het daaruit bestaan dat 'n verminderde belangstelling in die insluiting van Duitsland in die verdedigingstelsel van Wes-Europa getoon word—gedeeltelik met die hoop dat daar tog nog moontlik 'n ooreenkoms met Rusland sal kom; gedeeltelik in die hoop dat, deur middel van 'n voorgewende houding van belangeloosheid, die afkeer wat die Duitse volk het vir die aan hom toegekende rol van „Foreign Legionary” te laat bedaar.

Die feit dat nie net Parys — waar die insluiting van Wes-Duitsland van die begin af met openlike afsku aanskou is — maar ook London en Washington gehoop het om nog 'n kompromie met Moskou aan te gaan met die doel om Duitsland nog langer te onderdruk, blyk nie net uit die aanvaarding deur die Westerse moondhede van die Russiese voorstel om 'n viermoondhede-konferensie te hou nie, maar spreek ook baie duidelik uit hul pers.

Die London Times gee op 13 Februarie 1951 Attlee se amptelike verklaring in die Britse Laerhuis met hierdie woorde weer: „As ons tot 'n werklike en duursame ooreenkoms met Rusland kon kom, sou die kwessie van Duitse bewapening onbelangrik word . . . Maar as ons so 'n ooreenkoms met die Sowjet-unie nie kan aangaan nie, dan moet ons ons aandag aan die verdediging van die Weste gee en dit sluit in die inlywing van Wes-Duitsland.”

SERENE-SANGE

'n Eggo word gevind in die New York Times van 2 Maart 1951, waar in 'n artikel in verband met die Vier-Moondhede-konferensie verklaar word: „Maar die vooruitsig van selfs 'n beperkte en beheerde bewapening verwek by sekere elemente in die Weste so 'n onrus dat hulle sonder meer bereid is om daarvan af te sien sodra nuwe serene-sange uit Moskou hul ore bereik, al is so 'n ooreenkoms met Moskou nie eens die papier werd waarop dit geskryf is nie.”

Hierdie doel: om deur middel van 'n ooreenkoms met Moskou, al is dit hoë twyfelagtig, bewapening en die daarmee gepaard gaande versterking van Duitsland te verhoed, het intussen tot die konferensie in Parys gelei wat die voorloper is van die eintlike Konferensie van Vier omtrent die Duitse kwessie, wat binnekort in Washington staan gehou te word. Maar juis die Paryse konferensie het duidelik aan die meer realistiese elemente in die Weste getoon dat so 'n „werklike en duursame” ooreenkoms met die Sowjet-unie in hierdie verband onmoontlik is omdat dit Rusland se doel is om die hele Duitsland in sy mag te kry — en met hierdie doel voor oë wil Rusland vereens teen enige prys die bewapening van Wes-Duitsland verhoed.

WAT MOSKOU VREES

As daar iets is wat gedurende die Paryse konferensie en die voorafgaande weke en maande duidelik geword het, dan is dit die feit dat Moskou alleen bang is vir 'n nuwe Duitse leër, terwyl hy tot dusver die hele Europese deel van die Atlantiese Verbond as speletjies van ledige generaals betrag.

Hierdie standpunt van die Russe is versterk deur 'n gebeurtenis wat beslissend verantwoordelik was vir die verandering van gesindheid wat, volgens goed ingeligte bronne, aan die Eisenhower-hoofkwartier plaasgevind het, nl. die wekelange Franse verkeerstaking en veral die openlike gehoorsaamweiering

van amper 30,000 Franse reserviste!

FRANSE „VEGWIL”

Wat plaasgevind het was: Die hoofkwartier van Eisenhower by Versailles, bevolk deur honderde met medaljes besaai ofisiere, sit en probeer koersagtig planne maak, terwyl die kantoorpersoneel wekelank nie werk toe kon kom nie omdat nóg treine nóg ondergrond-treine, nóg busse geloop het; mense sit sonder elektrisiteit of gas in opgeëide villas en half-klaar kantore, en hoor dan oor die draad-

Deur dr. Otto Strasser

loos dat amper 30,000 Franse spoorwegwerkers hulle oproeporders vir leërdiens met 'n spotlag verwerp; of — soos in Lyon in 'n openbare „auto da fe” — die papiere voor die stadsaal verbrand; of — soos in Lorient — die bevel bymekaarmaak en deur 'n afvaardiging voor die voete van die prefekt gooi! En onder sulke omstandighede het 'n opperbevelhebber die opdrag om Wes-Europa teen 175 Rooi divisies te verdedig. Dit is die Franse „strydwil” wat, in die illusiewoorde van die New York Times van 30 Maart 1951 „nie alleen die hoeksteen van Franse vryheid, maar ook die fondament van die gehele verdedigingstelsel is waarop ook ons eie vryheid berus . . .”

VERANDERDE HOUDING NODIG

Onder die indruk van hierdie gebeurtenisse gaan die Westerse Moondhede voort met hul verandering van taktiek en voer met nuwe krag die worstelstryd om Duitsland, wetende dat die noodlot van Europa afhang van Duitsland se medewerking.

Miskien was dit goed dat die Westerse moondhede eers nog eenmaal probeer het om sonder die medewerking van Duitsland klaar te kom. Want juis die ondervindinge wat in die tussentyd gemaak is, verskerp deur die ontwikkelinge in die Verre Ooste, in die Midde-Ooste en in die Balkan, het aan die Westerse moondhede, en veral aan Washington, getoon dat 'n prinsipiële verandering van beleid teenoor Duitsland en die Duitse volk nodig is indien hulle Duitse samewerking wil bewerkstellig.

KERN VAN VRAAGSTUK

Hierop dui ook 'n aantal interessante publikasies wat gedurende die laaste weke verskyn het en ondanks die uiteenlopende bronne, almal tot dieselfde gevolgtrekkings kom. As die beroemde Engelse generaal J. F. C. Fuller in sy nuwe boek „How to defeat Russia” 'n vernietigende afrekening hou met die Roosevelt - Churchill - Morgenthau-politiek teenoor Duitsland, en die insluiting van Spanje en Wes-Duitsland as beslissend vir die verdediging van Europa verklaar, dan neem hy die militêre standpunt in dat daar andersins geen kans vir 'n suksesvolle teenstand teen die Rooi Leër bestaan nie. As hy dan skryf:

„Hiervoor word 'n politiek veronderstel wat vir alle Duitsers aanneemlik is en dit is alleen die politiek wat die hervereniging van Duitsland beoog. Daarbenewens is dit ook die enigste politiek wat 'n soort magsewewig sal bewerkstellig en tot die hervereniging van Europa sal voer, waarsonder daar geen vrede in die wêreld kan wees nie. Wat die Westerse moondhede, en veral Frankryk oor die hoof sien, is dat dit slimmer is om Duitse eise wat tog later gestel sal word, voor te spring deur dit nou aan hulle vrywillig toe te staan . . .” dan het hy die politieke kern van die hele probleem bloot gelê, en van die oplossing van hierdie probleem hang die sukses of mislukking van die Amerikaanse politiek in Europa af.

SOEK VRYE DUITSLAND

Dit is soos 'n antwoord op die Britse generaal as die groot massatydskrif „Saturday Evening Post” op 17 Maart 1951 in 'n baie nuttige artikel, „Eisenhower se moeilikhede”, erken dat, . . . die eintlike probleem is nie of ons die Duitsers sal „toelaat” om met bewapening te begin nie, maar hoe om die Duitsers tot bewapening te beweeg. Die voorstelling dat Duitsland 'n bondgenoot kan word sonder dat dit 'n vry, soewereine staat is, is totaal foutief.” Die belangrikheid van hierdie artikel lê in die feit dat dit deur een van Eisenhower se medewerkers geskryf is, en dan kom dit tot die duidelike gevolgtrekking dat „. . . die Duitsers eis dat hulle regering in Bonn volle soewereiniteit verkry sodat 'n vry Duitsland oor die kwessie van herbewapening kan besluit; dat die krag van die Geallieerdes langs die Elbe vermeerder word alvorens Duitse eenhede agter hulle

Die Skrywer

Dr. Otto Strasser wat hierdie artikel spesiaal vir Die O.B. geskryf het is 'n wêreldbekende persoon. Hy is in 1897 gebore en is 'n dokter in die regsgeleerdheid.

Gedurende die eerste wêreldoorlog het hy naam gemaak as 'n dapper soldaat en sy dankbare vaderland het etlike vername militêre onderskeidings-tekens aan hom toegeken.

Na die oorlog het hy 'n ondersteuner en medewerker geword van Adolf Hitler — hy was selfs eens op 'n tyd die pershoof van die Hitler-beweging in Noord-Duitsland.

Daar het egter moeilikheid ontstaan tussen Hitler en Strasser. Laasgenoemde het 'n teenstander van Hitler geword, padgegee uit Duitsland, en sedertdien sy eie pad geloop.

Dr. Strasser woon tans in Kanada. Hy is nou die leier van 'n herlewingsbeweging, wat hy noem: Die Herryseis van Duitsland.

Dr. Strasser is en was altyd by uitnemendheid die vyand van die kommunisme. Dit is die vyand wat hy steeds aan die kaak stel en beveg.

raaier noem wat nie op terugverkryging van hierdie gebiede aandring nie — nie noodwendig deur middel van oorlog nie; maar in elk geval as deel van die uiteindelijke Europese reëlings.”

Die nasionale Duitsland verwelkom sonder voorbehoud hierdie duidelike en regverdige stemme — maar wag nog vir die dade! Die newel van neutraliteit wat vandag oor Duitsland lê, sal onmiddellik verdwyn sodra die hoop op en belofte van die eenheid en vryheid van Duitsland — van Aachen tot Beuthen, van Memel tot aan die Saar — as 'n glansende doel voor die Duitse volk gestel word.

Die beslissing hieroor lê egter in Washington.

SANTAM SAL DIT VERGOED

Groot Brand in Middestad

'n Groot brand het gistermiddag kort na 2 n.m. in 'n gebou net voor Marshallplein, Johannesburg, geleë, uitgebreek. Die brand wat vermoedelik deur 'n kortsluiting veroorsaak is, het binne in die gebou by die hoofingang begin. Die vlamme het spoedig langs die houtwerk na die tweede verdieping van die gebou getrek en binne 'n ommesientjie was alles in ligte laaie.

SANTAM

Hoofkantoor:
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

Suid-Afrikaanse Nasionale
Trust- en Assuransie-Mpy.
Bpk.

2



„Ek praat
met jarelange
ondervinding:

Daar is geen
beter kwaliteit
as Rembrandt
nie.”

A. H. Stander
—
Mnr. A. H. Stander,
Tabakboer,
MARIKANA.

Die sigaret met die Room van die Oes-tabak

Kopiereg RBA 12

SWYE ONDERBREEK OOR O.B.

Verlede week het Die Burger, die lyforgan van dr. D. F. Malan, 'n h o f artikel publiseer waarin die blad die Ossewabrandwag te lyf gaan oor sy anti-Britsheid. Daar is twee belangrike aspekte verbonde aan Die Burger se aanval, skryf ons politieke medewerker.

In die eerste instansie het Die Burger sy doodswygbeleid oor die Ossewabrandwag onderbreek om weer 'n keer die beweging aan te val. Dit moes seker vir die lesers van die blad 'n skok gewees het om in hul koerant te lees dat die Ossewabrandwag nog leef; en bowendien in sodanige welstand verkeer dat dit noodsaaklik geag is om 'n aanval op hom te maak.

In die tweede instansie blyk dit dat die republikeinse propaganda van die O.B. onder die vel van die H.N.P. inkruip, want Die Burger vind dit nodig om die pro-Britse beleid van die partyleiding te vergoel deur die anti-Britse standpunt van die O.B. belaglik voor te stel.

Miskien moet ek net weer, terwille van duidelikheid, hier herhaal dat die O.B. nie anti-Brits is in die sin dat hy vyandiggesind is teen die Engels-sprekende Afrikaners in ons land nie, maar hy is anti-Brits in die sin dat hy republikeins is en derhalwe vryheid soek buitekant die Britse Statebond en instellings.

Ek wil nou verduidelik wat agter Die Burger se openbare aanval op die Ossewabrandwag skuil. Hier is die feite.

STRYD TEEN REPUBLIKEINE

Binnekant die H.N.P. het dr. Malan die stryd aangeknoop teen die republikeinse vleuel van die party. Sy stryd is met sukses bekroon en hy het vandag die toestand heeltemal onder beheer. Trouens hy het die republikein in sy party die swye opgelê.

Maar nou staan 'n ander ontwikkeling voor die deur wat gevare inhou. Die H.N.P. en die

Afrikanerparty gaan saamsmelt om die Nasionale Party te word. Maar die oorgrote meerderheid van die A.P. se lede is ook lede van die Ossewabrandwag en beginselvaste republikeine. Indien hierdie republikeine toegelaat word om lede van die nuwe party te word, beteken dit dat die republikeinse vleuel van die nuwe party kragtig versterk gaan word deur manne en vroue wat hul republikeinse ideaal onder geen omstandighede in 'n sweetdoek sal wegbêre nie.

„GEVAAR”

Dit is die sogenaamde „republikeinse gevaar” waarvan die bewerkers van die samesmelting tussen die H.N.P. en die A.P. te staan gekom het. Dit is ook die rede waarom dr. Malan opnuut baie traag geword het om die diskriminasie teen O.B.-lede te verwyder want dit moet gedoen word voordat O.B.-lede tot die nuwe party kan toetree.

Die rede vir die verbrekking van Die Burger se stillswye oor die Ossewabrandwag, en sy hernude aanval op die beweging is nou duidelik. Daar moet stemming gemaak word teen die O.B. en daar moet opnuut vyandige gevoelens teen die O.B. opgewek word. Dit is ook duidelik waarom Die Burger vir Brittanje uitgekies het as die boeg waaroor die aanval gegooi is. Die vernuwung van die vyandskap teen die O.B. moet gekoppel word aan 'n afkeer vir die O.B. se republikeinse (of anti-Britse) standpunt, wat belaglik voorgestel word.

Dit is die motiewe wat agter Die Burger se nuwe aanval op die O.B. skuil. Nou is die vraag: met watter doel word daar opnuut stemming gemaak teen die O.B. en sy koers? Indien dit is omdat die H.N.P. voornemens is om sy diskriminasie teen O.B.-lede voort te sit, selfs ten aansien van die nuwe party, dan kan mnr. Havenga voor 'n netelige vraagstuk te staan kom. Want hy kan nie saamsmelt met die H.N.P. as laasgenoemde nie bereid is om met al die lede van sy party ook saam te smelt nie.

Onder hierdie omstandighede kan een van twee dinge gebeur: Die H.N.P. kan vir mnr. Havenga 'n formule vind om hul diskriminasie-beleid te ondersteun, net soos hulle vir hom 'n formule gevind het om hul kleurlingwetgewing te ondersteun; of die samesmelting kan skip-

breuk ly.

Ek kan op hierdie stadium nie voorspel wat gaan gebeur nie.

Vier Oorlede In Senekal

Binne ses maande moes Senekal se O.B.'s afskeid neem van die volgende Brandwagte: Oom Karel Cronje, Tant Nello Pretorius, Tant Annie Cronje en Tant Lizzie van Huyssteen.

Getrou aan die ideale van die O.B. was hulle 'n voorbeeld en inspirasie vir ons almal. Graag wil ons 'n kranse lê op hul grafte en ons innige meegevoel uitspreek teenoor hul familie-lede.

Namens die ander Brandwagte van Senekal.

D. J. Erasmus.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepker, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

UITSLAG IN CERES: REGERING MOET YSTER NOU SMEE

Dr. Karl Bremer, de nuwe minister van volksgesondheid, het die setel Ceres vir die H.N.P. verlede Woensdag met 'n meerderheid van 2,418 gewen. Dit beteken dat die vorige meerderheid van 1948 met 472 opgeskuif is.

Dit is die eerste tussenverkiesing in 'n reeks sedert Augustus 1949 waar die H.N.P. sy posisie verbeter het, en vir diegene wat reeds begin wanhoop het aan die voortdurend van 'n Afrikaanse bewind ná die volgende algemene verkiesing is hierdie uitslag 'n silwerrand aan die wolk.

Met die getuienis van die ander uitslae in die afgelope twee jaar, en met die feit voor oë dat die lewenskoste die vlottende stem veral in die stede in toenemende mate teen die regering in die harnas jaag net soos dit in 1948 die geval met die Verenigde Party was, sal dit gevaarlik vir die regerende partye wees om Ceres te beskou as 'n swaweltjie wat ewigdurende somer aankondig. Die regering moet die

tydjie wat hy nog aan bewind is, gebruik om die grondslag van 'n nuwe Suid-Afrika te lê wat kan dien as basis vir die duurzame oplossing van ons groot vraagstukke. Hy moenie hierdie kosbare tyd verspil met maatreëls wat weer ongedaan gemaak gaan word deur die alternatiewe regering waarvoor die Britse parlementêre stelsel voorsiening maak nie.

'n Foto waarop Clement Attlee, die Britse eerste minister, tydens die Spaanse burgeroorlog saam met kommunistiese leiers die gebalde vuissaluut van die kommuniste gee, word tans in Amerika versprei deur sen. Joseph McCarthy.

„Juweeltjies” uit Hansard

In ons vorige uitgawe is daar onder die opskrif „Juweeltjies uit Hansard” gemeld dat die koste in die parlement op £3 per woord te staan kom. Dit moet wees £3 per minuut. Onderstaande „juweeltjie” kos die land meer as £20, en aangesien die volk daarvoor betaal, bied ons die volk die geleentheid om dit te geniet:

MNR. BARLOW: Mnr. die Speaker, ek onthou dat 25 jaar gelede of 26 jaar gelede hierdie wetsontwerp aangeneem is — dit was voordat die Minister in die Raad was — en dit is deurgeloods deur wyle mnr. Charlie Malan. Sover ek weet, is daar nog net een verandering 'n die wetsontwerp aangebring.

Die Minister onthou miskien wat dit was. Onthou u wat dit was?

DIE MINISTER VAN VERVOER: Ek onthou party, maar nie net een nie.

MNR. BARLOW: Ek sal dit aan die Minister sê, want hy weet blykbaar nie veel van sy mosie nie. Dit was vleis.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Wat omtrent kreef? U weet totaal niks daarvan nie.

MNR. BARLOW: As die agb. Minister sy adviseurs wil vra, sal hulle aan hom sê dat daar nog net een wysiging in hierdie wetsontwerp aangebring is.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Ek het self verlede jaar 'n wysiging voorgestel.

MNR. BARLOW: Ek weet, maar u het self nie geweet wat dit was nie.

DIE MINISTER VAN VERVOER: Kreef.

MNR. BARLOW: Ek sê aan u dat dit vleis was.

DIE MINISTER VAN VERVOER: U ken nie die verskil tussen kreef en vleis nie.

DIE SPEAKER: Orde! Die agb. lid moet die Stoel toespreek.

MNR. BARLOW: Mnr. die Speaker, ek moet baie vrae aan die agb. Minister stel oor hierdie saak.

DIE SPEAKER: Orde! Die agb. lid trek altyd my uitspraak in twyfel. Ek het die agb. lid gevra om die Stoel toe te spreek.

MNR. BARLOW: En ek was besig om te sê dat hierdie die tweede verandering is wat aangebring word. Moet ons nou verstaan dat hierdie uie en aartappels oorsee gestuur word deur die Raad vir Vervoer van Bederfbare Produkte? Ek neem aan dat dit dieselfde raad is wat bestaan uit verteenwoordigers van die Sitrusraad, die Sagtevrugteraad en die Raad vir Eiers en Pluimvee. Ek wil graag weet wie die lede van hierdie besondere raad op die oomblik is.

DIE SPEAKER: Orde! Dit

het niks met hierdie mosie te doen nie.

MNR. BARLOW: Is ons nie geregtig om te weet wat met hierdie uie gaan gebeur nie?

DIE SPEAKER: Die samestelling van die raad is nie onder bespreking nie.

MNR. BARLOW: Ek bespreek nie . . .

DIE SPEAKER: Die samestelling van die raad is nie nou onder bespreking nie.

MNR. BARLOW: Ek bespreek nie nou die samestelling van die raad nie.

MNR. WARING: Wie is die lede?

MNR. BARLOW: Mag ons nie die name van die lede weet nie? Dit maak 'n groot verskil, soos ek later aan u sal sê. Die lede van hierdie raad is lede van die Raad vir Eiers en Pluimvee, die Sitrusraad en die Sagtevrugteraad, en dit is nou die eerste maal dat ons artikels soos aartappels en uie onder hierdie besondere raad bring. Ek wil weet of ons nie 'n spesiale raad moet hê om te doen wat in hierdie mosie voorgestel word nie, want ons weet nie wat hierdie uie is nie. Is dit Spaanse uie, Kaapse uie, ingemaakte uie, of gebraaide uie, of watter soort uie is dit? Ons weet nie wat hulle is nie. Die agb. Minister kom hier en hy sê eenvoudig uie.

N AGE. LID: En aartappels.

MNR. BARLOW: Agb. lede is boere en hulle weet tog seker watter belangrike goed uie en aartappels is. Ons kry aartappels uit Skotland en ek wil weet of ons aartappels terugstuur na Skotland. Die agb. Minister weet blykbaar nie.

Agb. lede moet iemand vra soos die lid vir Orange Grove (mnr. Waring) wat 'n aartappelland in Skotland het. Ek dink dat hulle dit 'n „potato grove” in Skotland noem. Ek weet dat hy nou die dag daar gaan skiet het, en hy het 'n raap geskiet in plaas van 'n konyn. Gaan hierdie aartappels terug na Skotland, nadat hulle hierheen ingevoer is? Wie betaal die koste hiervan? Sal dit betaal word deur die boere, of sal die Suid-Afrikaanse Spoorweë op hierdie uie moet betaal? Dit is wat ons graag wil weet. Ek wil ook graag weet watter soort skepe hierdie uie vervoer. Ek was nou die dag in die dokke. Ek het aanskou dat 'n skip

vertrek, en dit was amper onder die Plimsoll-lyn — ek dink dat dit die regte uitdrukking is — en ek het gevra wie se skip dit was, en hulle het gesê dit is Frankie Waring se skip wat uie vervoer. Daar is iets anders wat ek aan die agb. Minister wil vra. Gaan hy Basoetoeland en die Belgiese Kongo insluit? Basoetoeland en die Belgiese Kongo is ingesluit wanneer dit kom by die uitvoer van botter, eiers en vleis onder hierdie Raad. Gaan hy Basoetoeland toelaat om hier met ons boere te kompeteer? Hy moet onthou dat Basoetoeland nou 'n soort boerdery volg wat waarskynlik van 'n veel hoër gehalte is as die in meeste dele van Suid-Afrika. As hulle begin om uie te kweek, sal hulle ons boere uitdruk. Miskien het die agb. Minister nog nooit 'n uie van Basoetoeland gesien nie. Ek het dit al gesien. Ek wil aan die Minister vra wat die bedrag van die heffing gaan wees, en is daar 'n heffing? Daar is gewoonlik 'n heffing op hierdie dinge, en sal daar ook 'n heffing op uie wees? Sal die heffing op die uie hoër wees as dié op sitrus? Die Minister kan in sy antwoord hierdie dinge aan ons sê. Is hierdie uie bederfbaar, want die mosie praat van bederfbare produkte? Hoe lank neem dit vir 'n uie om te bederf? Ek onthou dat ek baie jare gelede saam met wyle Tielman Roos 'n vergadering bygewoon het in 'n kamer, en daar het uie van die dak gehang.

DIE SPEAKER: Orde! Orde! Die agb. lid is heeltemal nie ter sake nie.

MNR. BARLOW: Nee, mnr. die Speaker . . .

DIE SPEAKER: Die agb. lid is nou nie ter sake nie.

MNR. BARLOW: Ek wil aan u 'n vraag stel, mnr. die Speaker, en die vraag is dit: Ek probeer om te verduidelik dat daar twee soorte uie is.

DIE SPEAKER: Die agb. lid is nie ter sake nie.

MNR. BARLOW: Beteken dit dat ek nie uie mag bespreek nie?

AGE. LEDE: Gaan sit dan.

MNR. BARLOW: In elk geval, ek het nou 'n toespraak oor uie gelewer; ek het nooit gedink dat ek dit sou doen nie.

Ellende in Goudstad

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

moes verduur. Daar was net een plan, die enigste omdat daar nie die geleentheid was om deur arbeid iets te verdien nie. Dit was om 'n bottel brandewyn vir 'n paar sjielings te gaan koop en daarvoor 'n pond van 'n Kaffer te kry. Die drankwet was besonder streng en dranksmokkelary onder die Kaffers op die Rand het skrikwekkende afmetings aange- neem. Spesiale speurders is gebruik om hierdie euwel te bestry en die wat die maklikste weens hul gebrek aan die geslepenheid van die professionele dranksmokkelaar in die hande van die gereg geval het, was die moeders van daardie honger kinders. Dit was 'n verskriklike gesig om sulke moeders in trane en bedroefd tot die diepste sieledroefheid wat 'n moeder kan hê, voor die reg-bank te sien pleit vir ontferming terwille van haar kinders. Dit is 'n droefheid wat ook die gemoed van wie so 'n geval aanskou deurboor. Sy, dogter van die volk, eertydse base van die land met sy onuitputlike rykdomme, tot bandiet gevon-

nis met huilende, skreeuende kindertjies tuis!

VOLKSVERTRAPPING

Ek het mense gesien wat almal, vader, moeder en kinders, in kamertjies in die agterbuurt van Johannesburg onder sakke inkruip om skulping te soek teen snerpende koue van die Rand in die winter. Maar wie se skuld is dit dat sulke toestande bestaan? Dit is toestand wat met die Vryheidsoorlog en daarna hulself openbaar het. Dit is nog alles die gevolge van die tirannieke poging tot uitwissing van die Afrikaner, baas vroeër in sy eie land. Dit is die gevolge ook van 'n bestuurstelsel wat reddingswerk, indien so iets bestaan, uit kapitalistiese oogpunt benader. Geen nasionale regering met watter maatreëls ook sal en kan 'n volk uit sulke toestande red as daardie mense wat moet red en hulle wat gered moet word in vegtende kampe teenoor mekaar staan verbitter in die politiek een op die ander.